

OORSIG VAN GELD- EN BANKWESE*

Na 'n geringe daling vanaf die eerste tot die tweede kwartaal van 1952, het die omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid, in terme van geld gemeet en met uitsluiting van seisoensbewegings, gedurende die derde kwartaal op ongeveer dieselfde peil bly staan.

Terwyl effektebeursomset en ander finansiële transaksies, soos belegging in die vorm van vaste en spaarbankdeposito's by finansiële instellings wat die styging in die rentekoersstruktuur vergesel het, vanaf die tweede tot die derde kwartaal toegeneem het, het die meeste van die ander beskikbare ekonomiese indekse, soos dié van die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte, die waarde van invoere, die waarde van uitvoere, kleinhandelsverkopings, spoorweginkomste en die waarde van transaksies in vaste eiendom, 'n daling vertoon, ook nadat seisoensbewegings uitgesluit is.

Wat die prysstruktuur betref, was daar 'n verdere toename in goederepryse vanaf die tweede tot die derde kwartaal. Op 'n gemiddelde maandelikse basis het die indeks van groothandelspryse, alle goedere, met ongeveer 1.9 persent toegeneem, wat die netto gevolg van 'n styging van ongeveer 4 persent by Uniegoedere en 'n daling van ongeveer 1.1 persent by invoergoedere was. In die geval van kleinhandelspryse het die gemiddelde maandelikse indeks met ongeveer 1.5 persent toegeneem wat in 'n groot mate toe te skryf is aan die feit dat, soos blyk uit die verklaring van die Buro vir Sensus en Statistiek, „die resultate van die Huishuursensus wat in Mei 1952, opgeneem is, wat 'n styging van 10.3 persent in vergelyking met die syfers vir Junie 1950, toon (dit is 'n styging oor 'n tydperk van twee jaar) by die indeks vir September 1952, ingelyf is”.

BETALINGSBALANS

Gedurende die derde kwartaal van 1952 het die Unie se betalingsbalans 'n paar merkbare veranderinge t.o.v. die lopende sowel as die kapitaalrekening, ondergaan. Terwyl die netto toestroming van buitelandse kapitaal uit alle bronne 'n aansienlike afname vertoon het in vergelyking met die tweede kwartaal, was daar 'n ietwat groter daling in die netto lopende tekort, sodat die uitputting van die land se goud- en buitelandse valutavoorraad in werklikheid 'n klein vermindering vertoon het. Geneem oor die eerste nege maande van die jaar vergelyk die beeld gunstig met dié van die ooreenstemmende tydperk in 1951.

Goedereinvoere wat effens van £116 miljoen in die eerste kwartaal van 1952 tot £114 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem het, het in die derde kwartaal tot ongeveer £93 miljoen gedaal, sodat die totaal vir die eerste nege maande van die jaar ongeveer £323 miljoen beloop het wat aansienlik laer is as die bedrag van £354 miljoen vir die eerste nege maande van 1951. Aan die ander kant het goedereuitvoere (met uitsluiting van staafgoud, goudprodukte en skeepsvoorrade), wat van £74 miljoen in die eerste kwartaal van 1952 tot £65 miljoen in die tweede kwartaal gedaal het, slegs 'n klein verdere vermindering tot ongeveer £62 miljoen in die derde kwartaal vertoon, sodat die totaal vir die eerste nege maande van die jaar omtrent dieselfde was as dié vir die eerste nege maande van 1951, nl. ongeveer £201 miljoen en £203 miljoen respektiewelik. Gevolglik het die land se handelstekort (uitgesonderd goud), nadat dit van £42 miljoen in die eerste kwartaal tot £49 miljoen in die tweede kwartaal toegeneem het, tot ongeveer £31 miljoen in die derde kwartaal gedaal, en die totaal vir die eerste nege maande van die jaar het dus £122 miljoen beloop vergeleke met £151 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1951. Word die Unie se netto goudproduksie, enersyds, en sy tekort t.o.v. onsigbare poste op lopende rekening, andersyds, in berekening gebring, dan het die netto lopende tekort teenoor die buiteland, wat effens afgeneem het van ongeveer £29 miljoen in die eerste kwartaal van 1952 tot ongeveer £28 miljoen in die tweede kwartaal, tot omtrent £11 miljoen in die derde kwartaal gedaal, en dit gee 'n totaal van ongeveer £68 miljoen vir die eerste nege maande van die jaar vergeleke met ongeveer £91 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1951.

Met betrekking tot kapitaalbewegings, het die Unie 'n verdere gunstige saldo gedurende die derde kwartaal van 1952 vertoon, hoewel teen 'n sterk afnemende skaal soos deur die President van die Reserwebank in die vooruitsig gestel in sy jaarlikse rede in Julie van hierdie jaar toe hy o.a. gesê het dat „wat die nabye toekoms betref, . . . is dit tewens waarskynlik dat die netto kapitaaltoevoer baie kleiner as gedurende die afgelope paar jaar sal wees en dat ook hierdie toestand 'n tydlank kan aanhou, omdat 'n aansienlike vermindering plaasgevind het in die aanbod van oorsese kapitaal wat vir belegging in ontwikkelende lande soos die Unie beskikbaar is.”

Voorlopige skattings dui aan dat die netto toestroming van private kapitaal (insluitende handelskrediete en trekkings teen die uraanlenings), wat toegeneem het van ongeveer £12 miljoen in die eerste kwartaal van 1952 tot ongeveer £21 miljoen in die tweede kwartaal, gedaal het tot ongeveer £2 miljoen in die derde kwartaal. Boonop het die netto ont-

* Sien ook artikel oor „Die Unie se Nasionale Rekening,” deur Professor D. G. Franzsen, op bladsy x.

vangste van offisiële kapitaal ongeveer £1 miljoen in die derde kwartaal beloop vergeleke met ongeveer £8 miljoen en £2 miljoen respektiewelik in die eerste en tweede kwartale, terwyl die banke se korttermynverpligtings teenoor die buiteland gedurende die derde kwartaal met ongeveer £1 miljoen toegeneem het vergeleke met geen verandering gedurende die eerste kwartaal nie en 'n afname van omtrent £3 miljoen in die tweede kwartaal. Die totale netto toestroming van kapitaal uit alle bronne het dus ongeveer £4 miljoen in die derde kwartaal beloop vergeleke met ongeveer £20 miljoen in elk van die eerste twee kwartale, sodat die totale netto toestroming vir die eerste nege maande van die jaar ongeveer £44 miljoen beloop het vergeleke met omtrent £45 miljoen gedurende die eerste nege maande van 1951.

As gevolg van die netto lopende tekort van ongeveer £11 miljoen en die netto toestroming van kapitaal van omtrent £4 miljoen, het die Unie se totale goud- en valutabesit met omtrent £7 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1952 afgeneem vergeleke met afnames van ongeveer £9 miljoen en £8 miljoen respektiewelik gedurende die eerste en tweede kwartale. Daar was dus 'n afname van ongeveer £24 miljoen gedurende die eerste nege maande van die jaar wat aansienlik laer is as die daling van omtrent £46 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1951.

Gedurende die maande Oktober en November 1952, was daar 'n ommekeer in die afwaartse beweging in die Reserwebank se gesamentlike goud- en valutabesit en die bedrag het toegeneem van £117.7 miljoen aan die end van September tot £124.3 miljoen aan die end van November. Te oordeel na die beskikbare handelssyfers, wil dit voorkom asof hierdie toename verband hou met die seisoenstoename in die goedere-uitvoer, veral wol.

GELD IN OMLOOP

Die hoeveelheid geld in omloop in die Unie, wat gedaal het van £437.2 miljoen aan die end van Desember 1951 tot £416.8 miljoen aan die end van Junie 1952, het verder afgeneem tot £410.9 miljoen aan die end van September, maar weens 'n gunstige wending in die betalingsbalans in Oktober, het dit weer tot £418.6 miljoen aan die end van daardie maand gestyg.

Daar was dus 'n netto afname van ongeveer £19 miljoen gedurende die eerste tien maande van 1952, wat plaasgevind het ten spyte van 'n toename van ongeveer £20 miljoen in bankkrediet en wat grootliks veroorsaak is deur die verskuiwing van

omtrent £23 miljoen vanaf onmiddellik opeisbare-na termyndeposito's by die handelsbanke en 'n daling van omtrent £14 miljoen in die Reserwebank se goud- en valutabesit. Wat die toename van ongeveer £20 miljoen in bankkrediet gedurende hierdie tydperk betref, was daar toenames van ongeveer £13 miljoen in Reserwebankkrediet en £7 miljoen in handelsbankkrediet, terwyl laasgenoemde die netto resultaat was van toenames, aan die een kant, van £8 miljoen in die banke se beleggings en £15 miljoen in hul deposito's by die Nasionale Finansiële korporasie, en 'n daling, aan die ander kant, van ongeveer £16 miljoen in hul diskonteringe, lenings en voorskotte.

BANKDEBETTE

(Indekse: Basis 1948 = 100)

Die indeks van bankdebette, wat van 145.5 in die eerste kwartaal van 1952 tot 143.6 in die tweede kwartaal gestyg het, en dié van spoorweginkomste op in die derde kwartaal toegeneem. Die toename vanaf die tweede tot die derde kwartaal het plaasgevind ten spyte van afnames in sulke indekse soos die waarde van invoere, die waarde van uitvoere, kleinhandelsomsette en die waarde van transaksies in vaste eiendom, en skyn grootliks die resultaat te gewees het van die styging in debette wat afkomstig was van effektebeurs- en ander finansiële transaksies.

By voorbeeld, terwyl die indeks van effektebeursomset van 32 in die tweede tot 37 in die derde kwartaal gestyg het, en dié van spoorweginkomste op 146 bly staan het, het die indeks van die waarde van goedereinvoere afgeneem van 129 tot 106, dié van die waarde van goedereuitvoere van 187 tot 172, dié van kleinhandelsverkopings in vyf stedelike gebiede van 108 tot 103, en dié van die waarde van transaksies in vaste eiendom van 100 tot 77. As seisoenskommelings verwyder word dan blyk dit dat al hierdie indekse, behalwe effektebeursomset, 'n daling vertoon het.

Die geringe toename in bankdebette vanaf die tweede tot die derde kwartaal vergeleke met die afname in die hoeveelheid geld in omloop, het veroorsaak dat die indeks van die omloopsneheid van die geldhoeveelheid, wat van 160.0 in die eerste kwartaal tot 162.2 in die tweede kwartaal gestyg het, verder tot 164.4 in die derde kwartaal toegeneem het.

T. W. de Jongh,
Statistikus.

MONETARY AND BANKING REVIEW*

Following the slight decline from the first to the second quarter of 1952, the monetary volume of economic activity in the Union, excluding seasonal changes, remained on approximately the same level during the third quarter.

While stock-exchange turnover and other financial transactions, such as investment in the form of fixed and savings deposits with financial institutions which accompanied the rise in the interest rate structure, increased from the second to the third quarter, most of the other available economic indexes, such as those of discounts and advances of the commercial banks, the value of imports, the value of exports, retail turnover, railway earnings and the value of property transactions, showed declines, i.e., also after allowing for seasonal variations.

In regard to the price structure, there was a further increase in commodity prices from the second to the third quarter of 1952. The index of wholesale prices, all goods, increased, on an average monthly basis, by about 1.9 per cent, which was the net result of an increase of about 4.0 per cent in the index of Union goods and a decrease of about 1.1 per cent in that of imported goods. In the case of retail prices the average monthly index rose by about 1.5 per cent, which is in large part accounted for by the fact that, as stated by the Bureau of Census and Statistics, "the results of the Rent Census taken in May, 1952, which show an increase of 10.3 per cent compared with June, 1950 (i.e., an increase over a period of two years) have been incorporated in the September, 1952, index."

BALANCE OF PAYMENTS

During the third quarter of 1952, some notable changes took place in the Union's balance of payments picture, i.e., as far as both the current and the capital accounts are concerned. While, compared with the second quarter, the net inflow of foreign capital from all sources showed a substantial decline, there was a slightly bigger decline in the net current deficit, so that the drain on the country's gold and foreign exchange reserves actually showed a small decrease. Taken over the first nine months of the year, the over-all picture compares favourably with that for the corresponding period in 1951.

The imports of merchandise, which had declined slightly from £116 million in the first quarter of 1952 to £114 million in the second quarter, dropped to

about £93 million in the third quarter, so that the total for the first nine months of the year amounted to about £323 million, which was substantially lower than the amount of £354 million for the first nine months of 1951. On the other hand, the exports of merchandise, excluding gold bullion, gold products and ships' stores, which had declined from £74 million in the first quarter of 1952 to £65 million in the second quarter, showed only a small further decline to about £62 million in the third quarter, so that the total for the first nine months of the year was approximately the same as that for the first nine months of 1951, namely, about £201 million and £203 million, respectively. Thus the country's trade deficit (excluding gold), after increasing from £42 million in the first quarter of 1952, to £49 million in the second quarter, dropped to about £31 million in the third quarter, giving a total of about £122 million for the first nine months of the year compared with £151 million during the corresponding period in 1951. Taking account also of the Union's net gold output, on the one hand, and its deficit in respect of invisible current items, on the other, the net current deficit with the outside world, which had declined slightly from about £29 million in the first quarter of 1952 to about £28 million in the second quarter, dropped to about £11 million in the third quarter, giving a total of about £68 million for the first nine months of the year, compared with about £91 million during the corresponding period in 1951.

As far as capital movements are concerned, the Union continued to show a favourable balance in the third quarter of 1952, although on a much reduced scale as foreshadowed by the Governor of the Reserve Bank in his annual address in July of this year when he stated, *inter alia*, that "as far as the near future is concerned, . . . it is also likely that the net inflow of capital will be on a much smaller scale than during the past few years, and that this situation may likewise continue for some time, since there has been a considerable contraction in the supply of capital available abroad for investment in developing countries like the Union."

Preliminary estimates indicate that the net inflow of private capital, including trade credits and drawings under uranium loans, which had increased from about £12 million in the first quarter of 1952 to about £21 million in the second quarter, declined to about £2 million in the third quarter. In addition, net receipts in the form of official loans amounted to about £1 million in the third quarter, compared with about £8 million and £2 million in the first and second quarters, respectively, while the banks' short-term foreign liabilities increased by about £1 million

* See also article on "The Union's National Accounts," by Professor D. G. Franszen, on page xv.

in the third quarter, compared with no change in the first quarter and a decline of about £3 million in the second quarter. Thus the total net inflow of capital from all sources amounted to about £4 million in the third quarter compared with about £20 million in each of the first and second quarters, so that the total net inflow for the first nine months of the year amounted to about £44 million compared with about £45 million during the first nine months of 1951.

As a result of the net current deficit of about £11 million and the net inflow of capital of about £4 million, the Union's total gold and exchange reserves declined by about £7 million during the third quarter of 1952, compared with declines of about £9 million and £8 million during the first and second quarters, respectively. The decline over the first nine months of the year, therefore, amounted to about £24 million, which was substantially lower than the decline of about £46 million during the corresponding period in 1951.

During the months of October and November, 1952, the downward trend in the Reserve Bank's combined gold and exchange holdings was reversed, the amount rising from £117.7 million at the end of September to £124.3 million at the end of November. Judging from the available trade figures, this increase appears to be associated with the seasonal increase in exports, especially wool.

MONEY IN CIRCULATION

The quantity of money in circulation in the Union, which had dropped from £437.2 million at the end of December, 1951, to £416.8 million at the end of June, 1952, declined further to £410.9 million at the end of September, but, with the balance of payments taking a favourable turn in October, it increased again to £418.6 million at the end of that month.

There was, therefore, a net decline of about £19 million in the money supply during the first ten months of 1952, which took place in spite of an increase of about £20 million in bank credit and which was principally accounted for by the shift of about £23 million from demand to time deposits with the commercial banks and by the decline of about £14 million in the Reserve Bank's gold and

exchange holdings. In regard to the increase of about £20 million in bank credit during this period, there were increases of about £13 million in Reserve Bank credit and £7 million in commercial bank credit, while the latter was, in turn, the net result of increases, on the one hand, of £8 million in the banks' investments and £15 million in their balances with the National Finance Corporation, and a decrease, on the other hand, of about £16 million in their discounts, loans and advances.

BANK DEBITS

(Indexes: Base 1948 = 100)

The index of bank debits, which had declined from 145.5 in the first quarter of 1952 to 143.6 in the second quarter, increased slightly to 144.4 in the third quarter. This increase from the second to the third quarter took place in spite of declines in such indexes as the value of imports, the value of exports, retail turnover and the value of property transactions, and would appear to have been largely the result of increased debits arising from stock-exchange and other financial transactions.

For example, while the index of stock-exchange turnover increased from about 32 in the second quarter to about 37 in the third quarter, and that of railway earnings remained constant at about 146, the index of the value of merchandise imports declined from 129 to 106, that of the value of merchandise exports from 187 to 172, that of retail turnover in five urban areas from 108 to 103, and that of the value of property transactions from 100 to 77. Excluding seasonal movements, it appears that all of these indexes showed declines, except stock-exchange turnover.

The slight increase in bank debits from the second to the third quarter compared with the decline in the quantity of money, caused the index of the velocity of circulation of the money supply, which had increased from 160.0 in the first quarter to 162.2 in the second, to rise further to 164.4 in the third quarter.

T. W. de Jongh,
Statistician.

DIE UNIE SE NASIONALE REKENINGE

INLEIDING

In tabelle XXXVIII en XXXIX in hierdie kwartaalblad word voorlopige ramings ten opsigte van die belegging- en nasionale rekeningsyfers vir die Unie vir die jaar 1951 gegee. Aangesien nuwe inligtingsbronne nou beskikbaar geword het, word hersiene beleggingsyfers vir die periode vanaf 1946 tot 1950 ook aangegee, maar dit het nie moontlik geblyk om die hersiening van die nasionale rekeningetabel, behalwe vir die jaar 1950, te voltooi nie. Die volledige volksinkome- en uitgawereeks terug tot 1946 sal in die Maart 1953-uitgawe van die kwartaalblad gepubliseer word.

Verskeie veranderings is in die manier waarop die verskillende poste in bovermelde tabelle geklassifiseer is, aangebring, en in die volgende afdeling van hierdie artikel is daar 'n bespreking van hierdie veranderings. Artikels in die September 1951 en Desember 1951-uitgawes van hierdie kwartaalblad het 'n beskrywing gegee van die berekeningsmetodes wat ten opsigte van die syfers in die tabelle gevolg is, maar verdere kommentaar i.v.m. die statistiese metodes wat gebruik is, veral in die geval van voorradesyfers, word nou gegee, terwyl die laaste afdeling van hierdie artikel 'n opsomming gee van die gevolgtrekkings wat op grond van die syfers soos hersien in hierdie uitgawe van die kwartaalblad, gemaak kan word.

BEREKENINGSMETODES TEN OPSIGTE VAN DIE UNIE SE NASIONALE REKENINGE

In tabel XXXVIII, wat op belegging in die Unie betrekking het, word die breë verdeling in twee afdelings, t.w. openbare en private belegging, behou. 'n Verdere indeling van die syfers i.v.m. openbare belegging is nou gemaak om sodoende die beleggingsbedrywigheid in die sakeondernemingsgedeelte met dié van die nie-sakeondernemings- of administratiewe gedeelte van openbare owerhede te vergelyk. Pos 2, d.w.s. „Ander sakeondernemings van regering,” sluit die kapitaaluitgawe van die poskantoor, die Suid-Afrikaanse munt, staatsdrukkery en die boswese-departement in, terwyl pos 3, d.w.s. „Nie-sakeondernemingsdepartemente” hoofsaaklik bestaan uit uitgawe deur die openbare werkedepartement op regeringsgeboue, behalwe dié wat reeds by pos 2 inbegrepe is, en uitgawe i.v.m. besproeiingskemas. Die Provinsiale Besture het nie sakeondernemings nie, aangesien kapitaaluitgawe op skool- en hospitaalgeboue sowel as paaie as nie-sakeondernemingsuitgawe geklassifiseer word, maar in die geval van plaaslike owerhede is hierdie departemente van groot belang, aangesien die kapitaaluitgawe op die gas-, elektrisiteit-, vervoer-, water-, slagpaal- en produkte-markafdelings onder hierdie pos ingesluit word.

'n Nuwe indeling is in die geval van die tweede hoofbeleggingsoort, nl. private belegging, ingevoer.

Die inligting word volgens drie poste, nl. bouwerk en konstruksie, duursame produksiemiddele, en netto verandering in voorrade, gegroepeer. Aangesien daar besondere eienskappe is wat die gedrag van hierdie drie soorte belegging gedurende die konjunktuurverloop kenmerk, is dit nuttig om duidelik tussen hulle te onderskei by die indeling van beleggingsyfers. 'n Soortgelyke indeling van openbare beleggingsbedrywigheid is nie in die huidige stadium moontlik nie. Onder die pos „bouwerk en konstruksie” is dit gebruiklik om nie slegs die oprigting van nuwe geboue in te sluit nie, maar ook siviele ingenieurswerk, soos bv. hoogoondkonstruksie, skag- en mynontwikkeling, of in die geval van boerdery, damme, omheining, kontoerwalle, e.d.m. Dit is nie moontlik om in die huidige stadium meer besonderhede i.v.m. die samestelling volgens bedryfsvertakkings onder hierdie pos te gee nie, behalwe ten opsigte van die twee hoofgroepe, t.w. boerdery- en nie-boerderykonstruksie.

Onder die pos „duursame produksiemiddele” word die aankoop van nuwe masjinerie, uitrusting, toebehore, en voertuie deur sakeondernemings ingesluit. Die gegewens kan volgens vier hoofbedryfsvertakkings ingedeel word.

Die derde soort belegging omsluit die netto verandering in voorrade in die Unie gedurende die loop van elke bepaalde jaar. Die eerste soort van voorraadverandering het op die veestapel, pos 8 (a), betrekking. Enige toe- of afname in die veestapel op plase, gewaardeer teen heersende pryse, moet as positiewe of negatiewe belegging ingesluit word. Die netto verandering in die oordrag van landbouprodukte, soos mielies of koring, wat deur die bemarkingsrade teen graansuierbewyse gehou word, word ook onder hierdie pos in ag geneem. Aangesien hierdie goedere nog nie die goederestroom in die gewone handelskanale bereik het nie, kan dit dus nie onder die voorrade van sakeondernemings wat onder pos 8 (c) aangedui word, ingesluit word nie.

Die wyse waarop voorrade van sakeondernemings (op gebied van die handel en die fabriekswese) in die nasionale rekeninge in berekening gebring word, verdien 'n meer volledige beskrywing as wat in die bovermelde kwartaalblad-artikels gegee is om sodoende enige moontlike wanvertolking van die syfers wat in die beleggingstotaal van die Unie ingesluit word, te vermy. Twee poste word in tabel XXXVIII in die geval van voorrade getoon, nl. die „Netto verandering in boekwaarde van voorrade van sakeondernemings,” en 'n pos wat as „Aansuiwering ten opsigte van voorraadwaardering” bekend staan. Laasgenoemde word as 'n aftrekking van eersgenoemde pos aangedui; slegs die verskil word in die beleggingstotaal ingesluit. Die rede waarom die voorraadsyfers wat in die boeke van sakeondernemings aangegee word op hierdie wyse

aangesuiwer moet word, is dat meeste sake oorspronklike koste in stede van lopende vervangingskoste gebruik by die berekening van die waarde van die voorrade wat gedurende die loop van 'n bepaalde boekjaar opverbruik is, terwyl in die geval van die nasionale rekeninge-stelsel die lopende vervangingskoste as maatstaf vir waardering van voorrade gebruik word. Al die ander onderdele van totale belegging word teen pryse wat gedurende die bepaalde tydperiode heers, gewaardeer, en dit bring mee dat dieselfde gedragslyn in die geval van voorrade gevolg moet word. 'n Aansuiwering moet derhalwe ten opsigte van die boekwaardes van voorrade aangebring word om sodoende die waarde van die netto verandering in terme van lopende vervangingskoste uit te druk.

Gedurende die periode onder bespreking het 'n baie aansienlike prysstyging plaasgevind, en dit verklaar die groot aansuiwering in die tabel. Kleinhandelspryse (huur uitgenome) het met 32 persent tussen 1946 en 1951 toegeneem, terwyl die Unie se groothandelsprysindeks, alle goedere, 'n styging van 45 persent gedurende die periode toon. Hierdie voortdurende prysstyging het veroorsaak dat die verandering in die boekwaarde van voorrade 'n wins op voorrade weerspieël wat aan die verskil tussen vervangingskoste van voorrade opverbruik in die boekjaar, en hul oorspronklike koste, gelyk is, en wat heeltemal losstaan van die verandering in voorraadwaardes wat sal plaasvind indien daar 'n verandering in die fisiese omvang van voorrade is. Hierdie voorraadwinst verteenwoordig 'n kapitaalwinst as gevolg van die waardevermeerdering tydens 'n periode van prysstyging van 'n bate in die vorm van 'n goederevoorraad wat reeds aan die begin van die boekjaar bestaan het. Kapitaalwinst vorm geen deel van 'n land se beleggingstotaal nie, aangesien laasgenoemde grootheid slegs totale netto of nuwe byvoegings tot die land se kapitaalwinstes in ag neem. Die aansuiwering ten opsigte van voorraadwaardering wat i.v.m. die veranderinge in die boekwaardes van sakeondernemings gemaak word om hierdie kapitaalwinst uit die kapitaaluitgawe van die land uit te sluit, het sy teenhanger op die inkomekant van die land se rekeninge. Winste van sakeondernemings wat deur die insluiting van kapitaalwinst verhoog is, word aangesuiwer met dieselfde bedrag om sodoende winste te laat ooreenstem met die netto verdienste verkry gedurende die loop van die lopende produksiebedrywighede in die boekjaar.

Die beginsels waarop die bostaande uiteensetting gebaseer is kan verder verduidelik word aan die hand van 'n voorbeeld wat die aansuiwering in die geval van 'n individuele firma aantoon. Indien 'n sakeonderneming 'n beginvoorraad het van 1,000 eenhede, gewaardeer teen £3 elk, en 400 eenhede teen £5 elk gedurende die boekjaar aankoop, en 300 voorraadeenhede as gevolg van sy produksie- en verkoopsbedrywighede gedurende hierdie periode opverbruik, dan, indien aangeneem word dat die betrokke firma

voorrade teen die koste van verkope in die volgorde van hul aankopings in rekening bring, sal die voorrade wat opverbruik word in die sakeonderneming se boeke teen 'n waarde van £3 elk, d.w.s. 'n totaal van £900, aangeteken word. Voorraadverandering in die boekjaar sal dan £1,100 bedra, d.w.s. die verskil tussen £2,000 se waarde aan voorrade gekoop en die bedrag van £900 vir die voorrade opverbruik. Hierdie verandering van £1,100 in die waarde van die voorrade in die sakeonderneming se boeke bestaan uit 'n verandering in fisiese omvang, uitgedruk teen heersende pryse, van £500 (d.w.s. 100 bykomstige eenhede teen £5 elk) en 'n voorraadwinst van £600, d.w.s. die verskil tussen die boekkoste en die lopende vervangingskoste van voorrade opverbruik (£2 ten opsigte van 300 eenhede). Die verandering in fisiese omvang ten bedrae van £500 is die bedrag wat as deel van kapitaalvorming van die land ingesluit moet word. Die boekwaarde van £1,100 moet dus vir die £600 kapitaalwinst wat daarin opgesluit lê, aangesuiwer word om sodoende die waarde van die verandering in fisiese omvang te kry. Hierdie aansuiwering vir die handel en fabriekswese, as geheel beskou, is die pos wat as „aansuiwering ten opsigte van voorraadwaardering” in die tabel ingesluit is.*

Die belangrikheid van hierdie pos kan gesien word deur die grootte van die aansuiwering in die Unie se belegging in voorrade in 1951 met die totale bruto belegging vóór aansuiwering ten opsigte van hierdie pos te vergelyk. Die groot aansuiwering moet aan die vinnige prysstyging toegeskryf word, wat 'n aansienlike afwyking tussen oorspronklike en vervangingskoste van goedere in voorraad veroorsaak het. Hierdie aansuiwering maak omtrent 16 persent van bruto belegging uit. In die Verenigde Koninkryk was die invloed van „voorraadwaardevermeerdering” soos hierdie pos in hul Witpapier i.v.m. Nasionale Rekeninge bekendstaan, nog selfs meer ooglopend. „Voorraadwaardevermeerdering” het in hierdie geval £1,200 miljoen op 'n totale kapitaaluitgawesyfer van £3,430 miljoen, d.w.s. 35 persent, bedra.

Die voorraadsyfers wat in die tabel verskyn word bereken deur gegewens verkry uit monsterstudies op die basiese gegewens van die 1946-47 Distribusiesensus van die Unie, in die geval van handel, en op die gegewens van die 1949-50 Nywerheidsensus van die Unie, in die geval van fabriekswese, toe te pas. Hierdie syfers kan slegs hersien word wanneer die resultate van jonger sensusse beskikbaar word. Alhoewel die nuwe Distribusiesensus in 1953 opgeneem sal word, sal die resultate nie voor twee of drie jaar daarna beskikbaar wees nie.

Aansienlike wysigings is in die boerderybelegging-syfers in tabel XXXVIII aangebring, vergeleke met die syfers wat voorheen gepubliseer is. Toe die

* Hierdie voorbeeld is op die bespreking van hierdie onderwerp in die Handelsdepartement van die V.S.A. se handboek: *National Income*, gebaseer (p. 38).

vorige berekenings gemaak is, was baie min bekend omtrent die kapitaaluitgawe van boere vir konstruksiedoeleindes, hoewel meer inligting omtrent uitgawe aan boerderygereedskap en toerusting en veranderings in die veestapel beskikbaar was. Vrae i.v.m. kapitaaluitgawes was vir die eerste keer in die Landbousensuform vir die jare 1949-50, 1950-51 en 1951-52 ingesluit. Aangesien die resultate van hierdie sensusse nou beskikbaar word, is die Afdeling Ekonomie en Marke in 'n posisie om berekenings vir vorige jare te maak, en hul syfers vir die jare tot 1946 word in tabel XXXVIII onder drie poste, nl. boerdery-konstruksie, duursame produksiemiddele, en veranderings in veestapel, aangetoon. Die Afdeling Ekonomie en Marke het die voorneme om volle besonderhede ten opsigte van die ekstrapolering van die Sensusgegevens in 'n toekomstige uitgawe van die blad *Boerdery in Suid-Afrika* te publiseer.

Pos 3 in afdeling B van tabel XXXVIII dui die waardeverminderingssyfers aan wat van die bruto beleggingreeks afgetrek moet word om die netto beleggingssyfers wat in afdeling A van dié tabel opgedeel word, te verkry. Sommige van die bestanddele van die waardeverminderingstotaal sal hersien moet word na gelang beter inligtingsbronne beskikbaar word. Besprekings met die Kamer van Mynwese is tans aan die gang i.v.m. watter waardevermindering van mynbates in die beleggingstabel opgeneem moet word, sodat verdere hersiening van dié syfers verwag kan word. Die syfers vir die waardevermindering van geboue is verhoog om vir die afwyking tussen mark- of vervangingskoste en die belasbare waarde van geboue voorsiening te maak. Die enigste waardevermindering wat in die geval van die bates van die nie-sakeondernemingdeel van openbare owerhede toegelaat is, is 'n persentasie op die waarde van geboue deur hierdie liggame besit. Alle onderhoudsuitgawe aan geboue, paaie en soortgelyke bates is as lopende uitgawe beskou. Hierdie prosedure word deur die jongste Volksinkome-handboek van die V.V. se Statistiese Kantoor aanbeveel.

In tabel XXXIX, wat op die inkome en uitgawe van die verskillende sektore van die ekonomiese stelsel betrekking het, is daar enkele poste wat verduideliking verg. In sub-tabelle C en D word 'n nuwe pos, nl. „Lopende oordragte van huishoudings aan owerheidsliggame,” ingevoer met die oog op 'n meer duidelike skeidslyn tussen die uitgawe op lopende rekening van huishoudings en openbare owerhede. Wanneer 'n individu 'n katalogus by 'n openbare museum koop, word hierdie uitgawe as 'n gedeelte van persoonlike verbruiksuitgawe beskou. Die besluit om die betrokke artikel te koop berus by die individuele verbruiker. In die geval van die verskaffing van dienste soos skole en hospitale wat in hoofsaak deur die owerheid onderneem word, word die totale uitgawe aan goedere en dienste as verbruiksuitgawe van die owerhede beskou, en alle betalings soos skool- of hospitaalfooi wat help om

die koste van sulke dienste te dek, word as oordragte van huishoudings aan owerheidsliggame beskou, en nie as deel van persoonlike verbruiksuitgawe nie.

Pos 8 (c) in sub-tabel E in die nasionale rekeningetabel wat in vorige kwartaalblaaie gepubliseer is, nl. „Lopende inkomste van Unie-regering wat direk na leningsrekening gestem is,” het in die huidige berekenings verval, aangesien hierdie inkomste aan die verskillende onderdele van pos 6 in sub-tabel D toegedeel is.

OORSIG VAN DIE NASIONALE REKENINGE, 1950 en 1951

Uit 'n vergelyking van die voorlopige nasionale rekeningesyfers vir 1950 en 1951 blyk 'n verdere aanmerklike uitbreiding in die inkome en uitgawe van die Unie, uitgedruk teen heersende pryse. Aan die inkomekant was die sterkste faktore wat tot 'n hoër netto inkome aanleiding gegee het, te bespeur op die gebied van boerdery, vanweë die hoër gemiddelde prys wat deur wol behaal is, en op die gebied van private fabriekswese, waar die naoorlogse uitbreidingsneiging nog geen tekens van verslapping vertoon het nie. Die inkomesyfers vir die tweede helfte van 1951 is nog nie beskikbaar nie, en die syfer wat vir die kalenderjaar 1951 aangetoon word, berus op 'n skatting. Aan die uitgewekant was daar toenames in al drie bestanddele van volksuitgawe, nl. private verbruik, lopende owerheidsuitgawe, en uitgawe op nuwe kapitaalgoedere.

Dit is van belang om te beklemtoon dat wanneer gepoog word om die skaal van uitbreiding in die land se inkome- en uitgawe tussen agtereenvolgende jare te meet, veral in tye van vinnige prysstyging, die geldelike inkome- en uitgawetotale in reële terme uitgedruk behoort te word met die oog op die uit-skakeling van die inflasionistiese prysbeweging. Die persentasiestyging in die Unie se gemiddelde maandelikse kleinhandelsprysindeks tussen 1950 en 1951 het 7.3 persent bedra, terwyl die toename in die geval van groothandelspryse, alle goedere, oor dieselfde periode, op 14.2 persent te staan gekom het. Aangesien die nasionale rekeningegegewens, uitgedruk in reële terme, nie tans beskikbaar is nie, word die meegaande bespreking beperk tot 'n vergelyking van die werklike syfers vir 1950 en 1951, sonder aansuiwering ten opsigte van prysveranderings.

Wanneer die geldelike beleggingssyfers wat in tabel XXXVIII verskyn, nagegaan word, blyk dit dat daar 'n veel groter toename tussen 1950 en 1951 was as vir enige ander twee agtereenvolgende jare sedert die end van die oorlog. Sakeondernemingvoorrade en bouwerk en konstruksie is vir die grootste gedeelte van die totale styging van £96 miljoen verantwoordelik. In die geval van eersgenoemde is daar 'n styging van -£8 miljoen in 1950 tot +£32 miljoen in 1951. Gedurende 1949 en 1950 kon sakeondernemings vanweë invoerbeheer nie geredelik toevoegings tot hul voorrade maak nie, en in werklikheid het hulle op hul goederevoorraad tot 'n bedrag van £17 miljoen

en £8 miljoen, onderskeidelik, ingeteer. Toe invoerbeheer egter in 1951 verslap is, het die invoer van koopware van £315 miljoen en £307 miljoen in 1949 en 1950, onderskeidelik, tot £470 miljoen in 1951, gestyg. 'n Aansienlike deel van hierdie invoere was vir die opbou van die voorrade wat gedurende die twee voorafgaande jare uitgeput is, bestem. Wat bouwerk en konstruksie betref, het die Unie 'n ongeëwenaarde oplewing in dié bedryfsvertakking in 1951 beleef, sodat die toename vanaf 1950 tot 1951 nie minder as £34 miljoen bedra het nie.

Die oorblywende gedeelte van die toename in totale netto belegging bestaan uit 'n styging van £10 miljoen in boerdery- en mynwesevoorrade. Tot hierdie bedrag het die netto verandering in die veestapel £7 miljoen bygedra. Voorts het die styging in die uitgawe aan duursame produksiemiddele £10 miljoen, en die styging in openbare belegging £2 miljoen, bedra.

Bruto belegging, d.w.s. kapitaaluitgawe vóór aftrekking van waardevermindingsbedrae, het met £103 miljoen, d.w.s. van £237 miljoen tot £340 miljoen, toegeneem.

In die geval van die nasionale rekeningetabel (tabel XXXIX) verdien sub-tabelle B („Volksinkome en -uitgawe”), en E („Netto besparing en belegging”), die meeste aandag.

Wanneer die totaal van die drie bestanddele van volksuitgawe in 1951 met dié vir 1950 vergelyk word, sal dit gevind word dat hul gesamentlike toename £222 miljoen bedra. Die eerste van hierdie drie bestanddele, t.w. lopende uitgawes van persone en nie-wins-organisasies, pos 3(a) in sub-tabel B, toon 'n vermeerdering van £99 miljoen. In die geval van die tweede bestanddeel, nl. lopende uitgawes van owerheidsliggame, pos 3(b), is die vermeerdering £27 miljoen. Soos hierbo gemeld is die toename in die geval van die derde bestanddeel, d.w.s. netto kapitaalvorming of netto belegging, pos 3(c), £96 miljoen. Indirekte belastings, min subsidies, het met £4 miljoen toegeneem, sodat die totale toename in volksuitgawe, met uitsluiting van hierdie pos, £218 miljoen bedra. As hierdie toename van £218 miljoen in volksuitgawe met die vermeerdering van £106 miljoen in die Unie se volksinkome gedurende hierdie periode vergelyk word, spreek dit vanself dat daar 'n tekort van £112 miljoen is. Hierdie syfer van £112 miljoen dui gevolglik aan tot watter mate Unieburgers in gebreke gebly het om die finansiering van hul lopende en kapitaalbehoefte uit die Unie se volksinkome van 1951 te dek. Dié tekort is gefinansier deur 'n toename van £112 miljoen in die fondse deur die buitelandse sektor beskikbaar gestel. Laasgenoemde bedrag staan gelyk aan die toename in die tekort op lopende

rekening van die Unie se betalingsbalans*, item 3(d), wat 'n styging van £9 miljoen tot £121 miljoen, aantoon.

Sub-tabel E wat die netto besparing- en belegging-syfers vir die Unie uiteensit, verskaf addisionele inligting ten aansien van die verhouding van volksinkome en uitgawe wat hierbo verduidelik is. Die saldo's in die private inkome- en uitgawerekening, pos 5(d) in sub-tabel C, en die gekonsolideerde lopende rekening van owerheidsliggame, pos 7(d) in sub-tabel D, word aan die ontvangstekant van sub-tabel E, as deel van binnelandse besparing, aange- toon. Soos hierbo vermeld is het die lopende uitgawe van die private en openbare sektor met £126 miljoen in 1951 toegeneem, terwyl die ooreenstemmende toename in die volksinkome slegs £106 miljoen was. As hierdie oorskot van uitgawe teenoor inkome ten bedrae van £20 miljoen aangesuiwer word vir die toename in indirekte belastings, min subsidies, wat £4 miljoen beloop, word die tekort in inkome £16 miljoen. Dit beteken dat die gesamentlike private en openbare sektor £16 miljoen minder in 1951 as in 1950 gespaar het. Indien poste 8(a) en 8(b) in sub-tabel E nagegaan word, blyk dit dat die private sektor vir £11 miljoen, en die openbare sektor vir £5 miljoen van hierdie afname in binnelandse besparing verantwoordelik is. Private besparing het gedaal van £142 miljoen in 1950 tot £131 miljoen in 1951, terwyl die besparing van openbare owerhede gedaal het van £24 miljoen tot £19 miljoen. Aangesien netto binnelandse kapitaalvorming met £96 miljoen toegeneem het, in weerwil van hierdie afname van £16 miljoen in totale binnelandse besparing, moes die Unie van die buitelandse sektor gebruik maak om die vraag na fondse vir sy 1951-kapitaalvormingsprogram te bevredig, nie slegs ten opsigte van hierdie toename van £96 miljoen nie, maar ook om die gaping van £16 miljoen te vul wat deur die afname in die aanbod van fondse vir belegging uit hoofde van plaaslike bronne veroorsaak is.

Uit bostaande bespreking wil dit voorkom asof die vooruitskatting van die neiging ten opsigte van die Unie se nasionale rekenings gedurende 1951 wat in die kwartaaloorsig in die Maart 1952-uitgawe van die Kwartaalblad gemaak is, deur die voorlopige syfers wat nou vir die jaar beskikbaar is, bevestig word. In dié artikel is beweer dat aangesien die tekort op lopende rekening (met uitsluiting van Suidwes-Afrika) toegeneem het met omtrent £110 miljoen (in werklikheid met £112 miljoen), en aangesien „die netto lopende tekort teenoor die

* Dit is nodig om daarop te wys dat die syfers wat getoon word onder die opskrif: „Netto oorsese lenings en verkoop van bates” in tabel XXXIX, pos 3 (d), wat met die tekort op lopende rekening in die Unie se betalingsbalans ooreenstem, nie presies dieselfde is as die wat in die Betalingsbalanstabel (tabel XL) in hierdie Kwartaalblad aangegee word nie, aangesien die syfers in laasgenoemde tabel op die Unie, met insluiting van Suidwes-Afrika en die Protektorate, betrekking het, terwyl die lopende tekort-pos in die nasionale rekeningetabel aangesuiwer word om Suidwes-Afrika uit te sluit.

buiteland plus die totale netto binnelandse besparings gelyk moet wees aan netto belegging, . . . totale netto binnelandse besparing 'n styging van 1950 tot 1951 kon getoon het slegs as die styging in die netto belegging meer as £110 miljoen beloop het". Die mening is verder uitgespreek dat dit onwaarskynlik is, ten spyte van tekens wat 'n baie aansienlike styging in belegging in die vooruitsig gestel het, dat „hierdie styging die bedrag van £110 miljoen tot enige noemenswaardige mate oorskry het;" die slotsom was derhalwe dat „omdat die som van netto binnelandse besparings en verbruik gelyk is aan die volksinkome, wil dit dus voorkom asof die grootste gedeelte van die toename in die volksinkome in 1951 gebruik is vir lopende verbruiksuitgawes".

Die vernaamste bevinding wat deur die studie van die nasionale rekeninge in 1950 en 1951 na vore gebring word is die aanmerklike styging van £96 miljoen in totale netto kapitaaluitgawe of belegging, waarvan nie minder as £94 miljoen in die private, vergeleke met slegs £2 miljoen in die openbare sektor, ontstaan het. Die betreklike betekenis van die rol van belegging in die ekonomiese lewe van die land gedurende elk van die twee jaar wat in oënskou geneem is, kan aangedui word deur totale netto kapitaaluitgawe, sowel as sy twee onderdele, nl. private en openbare netto kapitaaluitgawe, as 'n persentasie van netto nasionale uitgawe teen markwaarde uit te druk. In die geval van totale netto kapitaaluitgawe het hierdie persentasie 21.9 bedra

in die jaar 1951, vergeleke met die veel laer syfer van 15.6 persent in 1950. Die ooreenstemmende syfers, in die geval van private netto kapitaaluitgawe, was 17.0 persent en 10.3 persent, onderskeidelik, en, in die geval van openbare netto kapitaalvorming, 4.9 persent en 5.2 persent, onderskeidelik.

Daar het ook 'n beslisse wending ingetree in die manier waarop die Unie se kapitaalprogram in 1951, vergeleke met 1950, gefinansier is. In die voorafgaande jaar het totale binnelandse besparing, d.w.s. private en openbare besparing, in 94.9 persent van die fondse wat vir die doel van kapitaaluitgawe benodig was, voorsien, terwyl die bydrae van die „buitelandse sektor", d.w.s. netto oorsese lenings en verkoop van bates, tot die oorblywende 5.1 persent beperk was, maar in 1951 het die betrokke persentasies na 55.4 en 44.6, onderskeidelik, verander. Voorts het 'n verandering ingetree in die gedrag van die twee poste wat onder die opskrif „buitelandse sektor" ingesluit word, nl. oorsese kapitaaltoevloei en netto verandering in goud- en valutareserwes. Aangesien die Unie se tekort op lopende rekening van die betalingsbalans gedurende 1950 klein was, het die kapitaaltoevloei gedurende daardie jaar tot 'n toename in sy goud- en valutareserwes gelei, maar in 1951 het hierdie lopende tekort so groot geword dat die Unie nie alleen van die kapitaaltoevloei gedurende die jaar gebruik gemaak het nie, maar ook tot 'n aansienlike mate op sy internasionale reserwes in die vorm van goud- en valutabesit geteer het.

D. G. Franzsen.